

# Basiese geloofsvrae

*May your character be not a writing upon the sand, but an inscription upon the rock.*

–C.H. Spurgeon

## Basiese geloofsvrae

Almal het 'n afrigter nodig – selfs wêreldklas atlete. In 'n sekere sin is ons geestelike atlete. Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God (Hebreërs 12:1 – 2). Om goed te kan hardloop het ons aanmoediging en wysheid nodig. Dit kry ons in God se woord. Hierdie proses van afrigting en oefening noem ons dissipelskap.

As ons ons aanmoediging en wysheid in God se woord kry, hoe benader ons sy woord?

1.Luister. Luister na wat die woord vir ons sê. Ons kry daar waardevolle inligting waarop ons ons geloof kan bou.

2.Absorbeer. Dink na; prosessee wat jy gehoor het – veral nuwe konsepte. Sit rustig; laat jou gedagtes fokus op die noodsaaklikste elemente wat jy gedurende die eerste stap gehoor het.

3.Interaksie. Sit saam met ander en bespreek wat gehoor is. Dit versterk verder die waarhede wat jy gehoor het. In hierdie stap kom ons agter hoe goed ons die waarhede verstaan het.

Ek gaan 'n hele aantal blogs spandeer om na sekere basiese geloofsvrae te kyk. Volgende keer gaan ons na vryspraak kyk

---

# Geloofsvrae: Die ewige lewe op die nuwe aarde

Geloofsvrae: Die ewige lewe op die nuwe aarde –  
Adrio König

## Die ewige lewe op die nuwe aarde

Die ewige lewe is 'n omvattende begrip vir die toekoms van die kinders van God. Daar is aansluiting by ons huidige lewe, en tog ook 'n sprong in die onbekende in. Dit is lewe – dit ken ons. Maar dit is ewige lewe – dit ken ons nie.

## Ons gaan anders lewe

Ons toekomstige lewe saam met God en Christus op die nuwe aarde sal nie heeltemal anders wees nie. Trouens ondanks die apokaliptiese beelde wat veral die boek Openbaring kenmerk, en wat ons tereg huiwerig maak om alte presies oor die toekoms te dink, is die vooruitsig wat die profesieë skep eerder dié van verlange en entoesiasme as van huiwering en skrik. Paulus roep die gelowiges op om mekaar moed in te praat en te versterk met die boodskap van Christus se koms, en Hy praat van die skepping wat 'n brandende verlange het dat alles opgeklaar sal word (1Tes 4:18; 5:11; Rom 8:19). Die Een wat kom, is immers nou reeds deur die Gees by ons, en ons leef nou reeds in Hom en saam met Hom, netsoos Hy in en saam met ons leef. Die Een wat kom, is ons Verlosser en broer (Rom 8:29). Saam met die Gees roep die bruid Jesus toe: 'Kom!' (Open 22:17) En Johannes sê selfs dat ons nou al deel het aan die ewige lewe (3:36).

## Op 'n nuwe aarde

Net so is ook die nuwe aarde wat ons verwag, nie 'n ander, vreemde aarde nie. Dit is hierdie aarde wat nuutgemaak word en genees word van al die seer wat ons sonde en die aanslae van

die Bose gebring het. Daarom is die beelde in Open 21-22 so realisties en getrou aan ons gewone lewe, maar dan ons gewone lewe vry van die druk en seer. Die nuwe Jerusalem is 'n stad van edelgesteentes, strate van goud, 'n rivier met kristalhelder water met die boom van die lewe wat nie net elke jaar nie, maar elke maand vrugte dra! God bly getrou aan sy skeppingsdoel: om met mense op aarde in liefdesgemeenskap te leef sodat hulle Hom kan dien en prys.

Daarom hoef ons nie te huiwer oor die toekoms nie. Die beelde is uitnodigings. Dit skep 'n verlange wat vergelyk word met 'n bruid wat uitsien na haar troudag.

Natuurlik is dit nie dieselfde lewe as waaraan ons gewoond is nie. Maar wat anders is, is dat die sonde, lyding en ellende weg is, die bedreiging waarvan die ou aarde en ons huidige lewe vol is, die tranes en smart en dood, die nag, alles wat onrein en losbandig en vals is, die see as die ou simbool van die dreigende chaosmagte wat God se skepping en ons lewe probeer verwoes (Open 21:1,4,8,27; 22:5).

### **Uitgenooi om aan God se lewe deel te neem**

Die ewige lewe is die lewe van God, die lewe waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het, die lewe waarin Hy ons laat deel deur ons deur die doop en die geloof in Christus in te lyf.

Daarom beteken ewige lewe ook nie net 'n lewe wat nooit sal ophou nie. Dit sal in werklikheid 'n verskrikking wees om vir ewig te lewe as 'n mens in sonde en smart en ellende leef, bedreig deur duisend magte. Ewige lewe is 'n bepaalde kwaliteit van lewe, verheerlikte lewe, lewe wat die dood – en daarom die siekte en pyn en smart en broosheid – agter die rug het, die opstandingslewe van Jesus waaraan ons in werklikheid nou reeds deel het!

In 'n sekere sin het ons dus noual deel aan die ewige lewe. Veral Johannes verkondig dit dikwels in sy evangelie en in sy

eerste brief. Dit is deel van 'n neiging by hom om dit wat die ander apostels in die toekoms verwag het, in die hede in te trek. Christus is van die begin af verheerlik, die oordeel vind noual plaas, die dooies hoor noual die stem van die Seun van God (Joh 1:14; 12:23ev,31; 5:25). Dit bring die ewige lewe nog nader aan ons. Ons beleving van ons gemeenskap met die Here, hoe gebrekkig ookal, gee ons dus tog nou reeds iets van 'n idee van wat vir ons wag.

## **Dis ons verwagting!**

Twee beelde word in Openbaring gebruik om meer inhoud te gee aan ons verwagting van die ewige lewe. Ons sal God dien, en ons sal saam met Hom regeer.

### 1. *'n Lewe van diens*

Ons lees: 'en sy dienaars sal Hom dien' (Open 22:3). Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n tautologie, maar die ironie is dat dit in werklikheid 'n verrassing is. Dit mag vanselfsprekend lyk dat dienaars dien, maar die ironie is dat dit nog nooit regtig konsekwent en voluit gebeur het nie. Hoe ontrou en belangeloos is sy dienaars nie al vir eeue nie: die volk Israel, die kerk. Wat 'n heerlike ervaring vir God om na uit te sien, dat ons Hom uiteindelik sonder voorbehoud en traagheid sal dien soos dit altyd gehoor het maar nooit gebeur het nie. Nogeens die onbegryplikheid van die sonde! (40) En hoe heerlik sal dit nie vir sy diensknegte wees nie: om uiteindelik sy kinders te wees sonder slegte gewetens, sonder om elke keer te moet vra om vergifnis van ons sonde en om meer liefde vir Hom.

### 1. *Ons sal saam met Hom regeer*

Maar ons sal ook saam met Hom as konings regeer (Open 5:10; 19:4,6; 22:5). Dit bring opnuut 'n besondere trek van ons toekomstige lewe saam met Hom na vore: die nabyheid tussen God en sy kinders. Daar loop 'n lyn deur die Bybel: ons is as sy beeld geskep, dus naby Hom, iets soos Hy, in staat om iets van

sy lewe in ons lewe te reflekteer. Verder word daar deurgaans in mensvormige terme oor Hom gepraat, en as Hy Homself ten volle wil openbaar, word Hy 'n mens, en uiteindelik gee Hy ons deur die doop en die geloof deel aan Jesus se opstandingslewe, daarom moet (en kán) ons aan Hom gelyk wees en selfs noual volmaak wees soos Hy! En uiteindelik lees ons dat ons sal 'deel kry aan die goddelike natuur'! (2Pet 1:4) Ons kry werklik deel aan die lewe van God!

Dit beteken nie dat ons sal ophou om mense te wees en Gode sal word nie. Daar staan nog altyd dat ons as sy dienaars Hom sal dien. Ons bly minder as Hy. Ons bly mense terwyl net Hy die ware God is. Die beeld kan nooit die werklikheid word nie. Maar die beeld gee iets weer van dit wat afgebeeld moet word.

So bereik God dan op die ou end tog sy doel: om ons God te wees wat vir ons verantwoordelikheid neem (wat Hy altyd was), en dat ons as sy volk Hom alleen sal dien, liefhê, prys en eer. Hy doen dit terwyl Hy getrou bly aan sy skeppingsdoel: ons bly mense – nuutgemaakte en verheerlikte mense; die aarde bly ons woonplek - 'n nuutgemaakte en verheerlikte aarde.

*Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.*

*Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.*

**Skrywer:** [Prof Adrio König](#)

---

# Geloofsvrae: Die oordeel

## Geloofsvrae: Die oordeel – Adrio König

### Die oordeel

Die eindoordeel, wanneer alle mense deur God geoordeel sal word, is 'n nuwe gebeurtenis, en tog is dit 'n bevestiging van wat reeds vooraf beslis is. Dit is nie so dat elke mens eers tot dan moet wag om uit te vind wat die beslissing oor sy of haar lewe sal wees nie. Uiteindelik lê die beslissing van ons ewige heil in ons verhouding met Jesus Christus in hierdie lewe. 'Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie' (Joh 3:18). Gelowiges hoef dus nie in spanning te wag tot die oordeel om uit te vind of hulle vrygespreek word nie. Trouens dit is opvallend dat daar staan dat ongelowiges 'alreeds veroordeel is,' wat beteken dat die eindoordeel net 'n openbare bevestiging sal wees van dit wat alreeds in hierdie lewe gebeur het tussen 'n persoon en Jesus (Joh 3:36; 5:24; 1Joh 5:11-13). Dit kan egter alles nou nog weerspreek word, byvoorbeeld dat gelowiges kinders van God is en die ewige lewe het. Maar by die oordeel sal dit in die openbaar bevestig word.

### Geloof of werke?

Dit lyk soms of daar verskil is oor die gronde waarop mense deur God aangeneem word. Is dit op grond van ons werke, of op grond van ons geloof in Christus? Soms lees ons dat ons deur geloof gered word, en dan lyk dit weer of ons op grond van ons daede geoordeel sal word (vergelyk die tekste in die vorige paragraaf met o.a. Mat 25:31ev; Joh 5:28-29; Rom 2:1-10; 2Kor 5:10). Daar is egter nie regtig 'n spanning tussen geloof en

werke in die NT nie. Volgens Jakobus bevestig die daede die egtheid van die geloof (2:14ev). Wie dus nie daede kan wys nie, kan nie op geloof en vryspraak aanspraak maak nie. Só 'n geloof is dood.

Wat egter belangrik is, is die feit dat daar 'n verskil is tussen wetswerke en geloofswerke. Dit sal in die oordeel om geloofswerke gaan as bevestiging van ons geloof, nie om wetswerke nie.

### **Twee oordele?**

Deel van die dispensasionele en die Chiliastiese toekomsverwagting is die oortuiging dat daar eintlik twee verskillende oordele sal wees (netsoos twee wederkomste, en twee opstandings): die gelowiges voor die regterstoel van God (Rom 14:10), en die ongelowiges voor die groot wit troon van God (Open 20:11ev). Daar is egter heelwat getuienis dat die apostels net aan een oordeel gedink het waar alle mense sal verskyn (o.a. Mat 25:31ev; Joh 5:28,29; Rom 2:5ev; 2Tes 1:5ev). Dit is nie 'n gesonde manier van uitleg om sulke kleiner verskille soos dié tussen 'regterstoel' en 'groot wit troon' te gebruik om 'n teorie van twee totaal verskillende gebeurtenisse te fundeer nie.

### **Beloning?**

Die vraag na loon by die oordeel kom ook dikwels na vore (Mat 5:12; Open 22:12). In 1Kor 3 is duidelik sprake van loon en skade by die oordeel (:12ev). Loon beteken nie saligheid, en skade nie verloreheid nie. Iemand wat weens die swak gehalte van sy of haar goeie werke geen loon ontvang nie, beërf tog nog die saligheid (:15). Daar is dus 'n meer en 'n minder in die saligheid, maar daar is nie enige duidelikheid oor hoe 'n mens jou dit moet voorstel nie, soos byvoorbeeld belangriker posisies of groter voorregte nie.

### **Twee verskillende bestemmings**

Die eindoordeel lei tot twee eindbestemmings: saligheid of verloreheid. Natuurlik is dit twee totaal verskillende bestemmings, maar daar is mense wat dit voorstel asof albei so ongeveer op dieselfde wyse uit God se hand voortkom: so asof dit vir Hom om 't ewe is of mense gered word en of hulle verlore gaan. Daar is selfs die siening dat God net sowel verheerlik word deur dié wat verlore gaan as deur dié wat gered word. Dié twee bestemmings staan egter in heeltemal verskillende verhoudings met die werk en die doel van God.

Om dit te beklemtoon, word die twee bestemmings glad nie eens in dieselfde hoofstuk in hierdie boek behandel nie. Met die ewige heil bereik God sy doel met ons, maar die hel staan in geen verband met sy skeppingsdoel nie behalwe as die totale mislukking daarvan. Dit kom baie mooi uit in die profetiese rede waarin Jesus aan dié wat die heil beërf, die koninkryk toesê wat van die skepping van die wêreld af vir hulle voorberei is, maar die verlore nes wegstuur na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Mat 25:34,41). Dit word voorgestel asof die Here nie voorsiening gemaak het vir mense wat verlore gaan nie, waarskynlik met die implikasie dat Hy dit nie verwag het nie – wat weer direk verband hou met die onbegryplikheid van die sonde en die opmerkings wat gemaak is oor die gedagte dat alle mense gered word.

*Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.*

*Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.*



# Geloofsvrae: Die opstanding (en die tussentoestand)

Geloofsvrae: Die opstanding (en die tussentoestand) – Adrio König

## Die opstanding (en die tussentoestand)

As Christus weer kom, sal Hy die dooies opwek. In 'n sekere sin sal dit nie regtig 'n nuwe gebeurtenis wees nie. Die eindopstanding het alreeds begin toe Hy opgestaan het, en moet net by sy koms voltooi word.

Dit is merkwaardig dat Paulus die hele evangelie afhanklik maak van die opstanding: 'As die dooies nie opgewek word nie ... is julle geloof waardeloos' (1Kor 15:16-17).

Waarom sou die opstanding van die liggaam só belangrik wees? Na alles is die liggaam tog baie minder werd as die siel. En is dié nie in elk geval al klaar gered voor die persoon se dood nie?

## Wat word van die siel?

Dit is 'n misverstand. Ons moet baie mooi onderskei as ons wil begryp waarom die opstanding wesenlik is vir die evangelie. Sommige Griekse filosowe, en na hulle baie ander mense, was oortuig dat die mens uit twee dele bestaan: 'n (minderbelangrike) liggaam en 'n (uiters belangrike) siel. By die dood skei die twee, en die siel vaar op na die

geesteswêreld, vry van die beperkinge van die liggaam. Dit is gesien as 'n heerlike bevryding en verlossing. Daarom sal die Grieke na Paulus luister tot hy in sy preek by die opstanding van die liggaam kom, maar dan lag hulle hom uit (Hand 17:32ev). As die siel weer met die liggaam verenig moes word, sou dit presies die einde van die verlossing wees want die siel sou weer aan die beperkinge van die liggaam onderwerp word.

Baie Christene meen dat Paulus hierdie tweedeling van die mens aanvaar het, maar net die liggaam hoër waardeer het. Die liggaam sou dan nie só onbelangrik wees dat dit net 'n beperking op die siel se bewegings plaas nie. Omdat God ook ons liggame geskep het, is hulle ook belangrik en moet uiteindelik in die verlossing deel.

### **Die mens staan op**

Die probleem is egter dat die opstanding nie regtig in so 'n geval die hele evangelie op die spel sou plaas nie. Dit sou dan net baie jammer gewees het as daar nie naas die redding van die siel, ook 'n opstanding van die liggaam sou wees nie.

Paulus bedoel egter onder die opstanding van die liggaam iets anders. Hy bedoel nie net 'n deel van die mens nie, maar die mens as sodanig. Die opstanding van die liggaam is die opstanding van die mens. Dit is waarom die hele evangelie met die opstanding op die spel is. Sonder die opstanding is die mens verlore, uitgelewer aan die mag van die dood. Die Bybel ken glad nie 'n tweedeling of driedeling van die mens nie. Die mens is 'n eenheid wat sterf en opstaan (38.1 en 38.2).

### **En na die dood?**

Natuurlik kom die vraag na die tussentoestand dan na vore. Wat gebeur dan na ons dood?

Dit is opvallend dat Paulus hierdie vraag beantwoord met 'n verwysing na die wederkoms van Christus, nie met 'n

verduideliking van presies wat met die mens by die dood gebeur nie (1Tes 4:13ev). Die gelowiges wat sterf, sal niks mis nie omdat Christus se koms naby is en Hy hulle sal opwek uit die dood.

Die tussentoestand het eintlik eers agterna 'n probleem geword toe Christus nie so gou gekom het as wat die vroeë Christene gedink het nie. In die lig van Christus se oorwinning oor die dood, sou ons egter tog die volgende kon sê. As gelowiges is ons in Christus ingelyf en deel dus in sy oorwinning oor die dood. Ons eie dood kan nie hierdie aandeel in sy verheerlikte lewe bedreig nie. Daarom kan die dood ons nie van Hom skei nie (Rom 8:38ev). Ook vir die tussentoestand moet ons dus na Christus kyk, nie na onself nie. Dit is nie moontlik om na onself te kyk (siel, liggaam, gees ens) en dan te begryp hoe ons, selfs as ons sterf, nog in sy gemeenskap kan bly nie. Daar is nie in ons iets wat sterker is as die dood nie. Die leer van die onsterflikheid van die siel kom nie in die Bybel voor nie.

Maar wel die leer van ons vereniging met Christus deur die doop en die geloof (77.3, 77.5 en 79.2). Hierdie band kan nie gebreek word nie, ook nie deur die dood nie. Dít is ons hoop in die tussentoestand.

### **Wat word van ons liggaam?**

En die opstandingsliggaam? Nogeens: ons liggaam is onself vanuit 'n bepaalde hoek bekyk. Paulus vra twee vrae: 'Hoe word die dooies opgewek? Watter soort liggaam sal hulle hê?' (1Kor 15:35) Dit is 'n herhaling van dieselfde vraag. Ons liggame is onself. In beide vrae vra hy dus net hoe gaan ons lyk as ons opstaan.

Die beelde wat Paulus gebruik, sê op 'n kenmerkende wyse dat ons nie weet nie, want apokaliptiese beelde is vae aanduidings wat nie presiese informasie gee nie. Hy gebruik die beeld van saad. 'n Mens kan nie uit 'n koringkorrel aflei hoe die

koringplant gaan lyk nie. Verder vergelyk hy ons huidige lewe met ons toekomstige lewe as verganklik – onverganklik, gering – verheerlik, swak – sterk (1Kor 15:37ev; 42ev). Natuurlik sê dit baie, maar geen presiese beeld van hoe ons sal lyk nie, eenvoudig omdat ons nie in ons ervaring iets het wat dit presies kan uitdruk nie. Ons het natuurlik die getuienis oor Christus se verskyninge, maar dié herinner ons juis dat Hy wel herkenbaar was maar tog ook heeltemal anders as voor sy kruisiging.

Ons moet nie in terme van fisiese kontinuïteit oor ons toekomstige lewe dink nie. Die molekules waaruit ons nou bestaan, sal nie bewaar word en weer deel van ons uitmaak by die opstanding nie. Alle molekules wat in ons is, was alreeds in ander wesens. As ons probeer dink aan presies wat opgewek sal word en wat die identiteit sal wees tussen wat ons nou is en wat ons sal wees, lyk dit my die beste om aan ons geskiedenis te dink. Ons sal weet wie ons was.

*Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.*

*Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.*

**Skrywer:** [Prof Adrio König](#)